



DIE **Stem** VAN DIE **Martelare**

Julie 2022



“Dink aan die gevangenes asof julle medegevangenes is.” Heb 13:3



Ons Maart-nuusbrief hierdie jaar het gefokus op stories van die vervolgedes in die land Laos, maar ons het nooit die storie van Bounsaen gedeel nie.

Hier is Bounsaen se verhaal.

Die 101-jarige Vyand van die Staat

'n Laosiaanse Christen raak "ongeduldig" om by die Here te wees nadat hy die bekendstelling van Christenskap onder Franse kolonialisering, hewige vervolging onder 'n Kommunistiese regering en, meer onlangs, 'n groter openhartigheid en kerklike groei, aanskou het.

Hoe oud is jy, Oupa," het 'n Frontlinie-Werker gevra en 'n tradisionele Oos-Asiatiese term van respek teenoor bejaardes, gebruik. Bounsaen is 101 jaar oud en 'n ouer staatsman in die relatiewe jong Laosiaanse liggaam van Christus. Alhoewel hy nie sy presiese geboortedatum kan onthou nie, weet hy dat hy op die ouderdom van 20 sy geloof in Christus geplaas het.

Toe Bounsaen Christus ontmoet het, was hy 'n toordokter, 'n algemene beroep onder animistiese stamme in Laos. In kulture wat gesentreer is op voorvaderaanbidding, het gemeenskapslede hulle na toordokters gewend vir mediese behandeling, finansiële advies, versoeke vir gunstige weerstoestande vir hulle oeste, hulp met slapeloosheid en tallose ander behoeftes. Ongelukke, siektes en enige ander ongewensde gebeurtenisse in die dorp word

gewoonlik toegeskryf aan iemand wat die geeste kwaad gemaak het of versuim het om hulle tevrede te stel.

Na die memorisering van 'n aantal "towerspreuke, was Bounsaen in staat om 'n goeie lewensbestaan te maak as 'n jong toordokter. "Ek het geeste aanbid," het Bounsaen gesê. "Ek was 'n goddelose en ongeligte persoon. Ek het nie daarvan gehou



▲ Bounsaen is in 1960 opgeroep vir militêre diens. Hy het sy Bybel en 'n gesangboek saam met hom geneem.

wanneer mense oor Jesus praat nie."

Sy houding teenoor Christenskap het egter verander toe hy op 'n Christen verlief raak. "Dit was liefde met die eerste oog opslag en ek wou met haar trou," het Bounsaen skertsend gesê. "Sy wou ook met my trou." Sy gekose eggenoot, 'n jong vrou, Term, het in die dorp Om Jun gewoon, waar 'n groot aantal mense tydens Franse kolonialisering tot geloof in Christus gekeer het.

Vasberade om Term se hart te wen, het Bounsaen 'n Bybel gaan soek. "Ek het heeltyd die Bybel gelees," herroep hy, "en dit het my vas laat glo dat daar 'n God is en dat hy regtig bestaan. Diep in my hart het ek die waarheid gesien. Dit is waarom ek met my hele hart in die Here wil glo."

Agterna het Bounsaen dit beskou dat God sy aantrekking tot 'n Christen gebruik het om hom na Homself te trek. Kort nadat hy sy geloof in Christus geplaas het, het Bounsaen



sy moeder, vader en vele ander na die Here gelei. "Sommige van die dorpsmense wat geeste aanbid het, het siek geword en die geeste het hulle nie genees nie," het hy verduidelik. "Ek het vir hulle gaan bid en hulle het gesond word. Dié het baie mense se oë geopen."

Tydens die land se burgeroorlog tussen Kommunistiese Laasiaanse Pathet-inboorlinge en die Koninklike Laasiaanse Weermag, het Bounsaen voortdurend met Christene in Om Jun, aanbid. As die enigste Christendorp in die provinsie, het die Om Jun-Christene die bemoediging, kameraadskap, Bybels en gesangeboeke wat hulle van Gelowiges in nabygeleë Thailand ontvang het, verwelkom.

Toe kom die Kommuniste.

Onder Kommuniste Gevangene

Nadat die Laasiaanse Patriotiese Front, die politieke party van die Laasiaanse Pathet, in 1975 aan bewind gekom het, het hulle gewerk om Christenskap uit hulle nuwe oorwonne land te wis. Hulle het die wreedste vervolging toegepas op diegene wat vir dekades reeds Christene was. "Baie mense het gedurende daardie tyd hulle geloof

versaak," herroep Bounsaen.

'n Voorspel van die Kommuniste se beleid het jare vroeër, in die 1960's, plaasgevind met die ontvoering en moord op jarelange kerkleier, Pastor Laa. Die pastor het in 'n nabygeleë dorp gewoon en elke Sondag na Om Jun gereis om aanbidding te lei. Op aandrang van plaaslike Kommuniste, het dorpenaars Laa ontvoer en hom vir drie dae lank ondervra voordat hulle hom geskiet het en sy liggaam in die oerwoud gelos het. "Hulle het hom doodgemaak asof hy niks was nie," het Bounsaen gesê.

Bounsaen het ten tye van Laa se moord in die weermag gedien. As een van 'n paar Christene wat gedwing was om aan te sluit, het hy sy Bybel en liedereboek saam sy geweer gedra. Toe owerhede sy diensplig wou verleng, het Bounsaen verduidelik dat hy die weermag moet verlaat omdat die Om Jun-kerk 'n leier nodig het. Bounsaen het vrywillig aangebied om Pastor Laa te vervang deurdat almal in die kerk te bang was om sy plek in te neem.

Soos wat Kommunistiese mag regdeur die 1970's toegeneem het, het die druk wat hulle op Bounsaen en ander Christene geplaas het, ook toegeneem. "Baie het gekom om my te vervolg," het Bounsaen gesê. "Daar

▲ Vir Khmu Gelowiges was die doop 'n simboliek van verwerping van tradisionele, animistiese voorvaderaanbidding om 'n nuwe lewe in Christus te leef. .

was polisiebeamptes en sommige soldate. Hulle het drie keer gekom om ondersoek in te stel en my te ondervra."

Kommunistiese owerhede het spoedig besluit om Christene se Bybels weg te neem, met die hoop dat die kerk sou ondergaan. Soldate het die stad binnegestap, alle Bybels bymekaar gemaak, petrol daarvoor uitgegooi en dit aan die brand gestee. Die enigste gevolg was dat Christene baie meer versigtig was om hulle Bybel weg te steek.

"Ons het die Bybels in die oerwoud weggesteek," het Bounsaen gesê. "Ek het my Bybel styf toegedraai in 'n lap en in die bome weggesteek. As ek die Bybel wou lees, het ek na die wegsteekplek gegaan en dit oopgedraai. Dit was moeilike tye. Ek en die ander Gelowiges moes soveel geduld hê."

As 'n vorm van vervolging, was Bounsaen dikwels gedwing om handarbeid op bouprojekte, soos 'n skool, te doen. Owerhede het hom gedurig tydens sy werkstyd gedruk

om sy geloof te versaak. Bounsaen het gesê hulle het gehoop om van hom ontslae te raak sodat ander ook hulle geloof sal versaak. "Hulle wou nie gehad het ander moet soos ek wees nie," het hy gesê.

Bounsaen is uiteindelik in Desember, 1980, gearresteer en vir drie maande gevange geneem. Hy het in hierdie dae handarbeid uitgevoer en gebid vir hulp sodat hy die teëspoed kon deurstaan. "Ek het die Here vir hulp gevra," het hy gesê. "Laat vervolging nie die rede wees vir my om die Here te verwerp nie. Mag die Here my help om hierdeur te kom en oorwinning te behaal oor hierdie strawwe uitdaging."

Gevangenes het geen komberse of klere ontvang nie en selfs kos moes deur hulle families voorsien word. Toe Bounsaen se familie vir hom kos bring, het hy hulle gevra om sy boodskap aan die kerk neer te skryf. "Ek wou daardie briewe skryf omdat ek bang was dat Christene in die dorp nie meer 'n hart vir die Here sal hê nie, ontmoedig sal word en einde ten laaste hulle geloof sal versaak," het hy verduidelik.

Hy het sy kerk aangemoedig om voortdurend byeen te kom en sterk te bly. Hy het vir hulle gesê dat hy seker is dat hy spoedig vrygelaat sal word.

"Ek was nie op enige stadium bang in die tronk nie," het Bounsaen gesê. "Ek was vreugdevol teenoor die Here voor die polisie. Ek het geweet dat die Here my sou help, want in die Bybel het die Here gesê ... 'Moenie bang wees nie, die Heilige Gees sal met jou wees en jou hiervoor voorberei.' Ek het heelyd so bly dink en het sterk gestaan danksy die Here se woorde."

Na ongeveer drie maande het owerhede genoeg gehad. Hulle het vir Bounsaen gesê dat indien hy 'n "seminaar" oor kommunistiese beginsels, kon voltooi, hulle hom sou vrylaat. Hulle het gedink dat indien hulle hom die "waarheid" sou wys, hy van plan sou verander. Nadat die owerhede beslis het dat hy die opleidingsmateriaal gelees het, het hulle hom voor 'n regter geneem en hom vrygelaat. "Hulle het gedink ek het die seminaar verstaan," het Bounsaen gesê en gelag. "Hoekom hulle so dink sal net hulle weet, ek staan egter sterk in my geloof."

Bounsaen is nog twee keer in 1980 gearresteer weens sy pastorale werk, elke keer was hy langer in die tronk.

Aanbid in die Oerwoud

Die volgende dekade was 'n tyd van teëspoed vir die kerk in Om Jun. Namate die Kommuniste die kerk egter probeer sluit het, het Bounsaen se boodskap dieselfde gebly: "Hulle kan doen wat hulle wil," het hy vir die gemeente gesê. "As hulle ons wil doodmaak of lewendig hou, is dit hulle saak. Ons moet sterk staan in hierdie dorp. Ons kan nie ons liggame liefhê nie. Ons liggame gaan op die aarde agterbly. Ons gees gaan by die Here wees. Ons moet standvastig in



die Here bly."

Namate owerhede meer druk uitvoer, is die kerk gedwing om in die geheim byeen te kom. Lidmate het die dorp elke week op verskillende tye verlaat en sakke gedra asof hulle voedsel bymekaar maak, hulle het verskillende roetes geneem na 'n vooraf aangewysde bymekaarkomplek. Vir gereelde aanbidding het hulle 'n plek gekies wat ongeveer 30 minute se stap uit die dorp uit is, maar vir spesiale vieringe het hulle verder in die oerwoud in geloop.

"Ons het nie persoonlik ontmoet as ons wou kommunikeer nie," het Bounsaen gesê, "want almal het die dae, hulle pligte en waarheen om te gaan vir aanbidding, geken. Wanneer ons byeen sou kom vir aanbidding, het ons die volgende bymekaarkomplek en byeenkomste

afgespreek.

"Vir aanbidding het ons in 'n sirkel gestaan – onder 'n boom of enige iets wat skaduwee gebied het," het hy voortgegaan. "Daar was ook baie insekte wat gebyt het! Ons het nie enige instrumente gehad nie. Ons

▼ Alhoewel vervolging nie so streng is as wat dit was toe Bounsaen 'n jongman was nie, word nuwe Gelowiges dikwels uit dorpe geskop. Dit is belangrik vir Bounsaen om die geloof van die jonger generasie op te bou.

instrumente was ons hande wat ons geklap het. Ons het met gebed, sang en prediking aanbid."

Die dienste het ongeveer twee ure geduur en Bounsaen het meestal vir 15 mense gepreek. Met kere het daar egter 50 mense byeen gekom. "Dit was 'n baie moeilike en uitdagende tyd," het Bounsaen gesê.

Bounsaen en verskeie ander kerkleiers het laat in 1983 besluit om die goewerneur van die provinsie te besoek en vir hom te sê dat hulle 'n kerk in hulle nuwe dorp wil bou. Hulle het vir regeringsamptenare gesê dat hulle nie meer geeste aanbid nie, dat verskeie van hulle vir generasies heen Christene is en dat hulle 'n plek vir aanbidding nodig. Die owerhede het onwillig hulle versoek aanvaar. "Toe ons dit hoor, het ons die kerk gebou!" het Bounsaen gesê.



Ondanks voortdurende druk van Kommunistiese owerhede, het die kerk aanhou groei en meer mense het Christus ontmoet. "Ek onthou Jesus se woorde: "Want waar julle skat is, daar sal julle hart ook wees," het Bounsaen gesê. "Wanneer ek gesukkel het en 'n moeilike situasie moes trotseer, was my hart by hierdie kerk en die mense. Dit was vir my 'n vreugde om die kerk te sien groei. Die Here het Sy planne."

Toe owerhede sien dat hulle nie die Christene kon stuit nie, het die vervolging afgeneem. Met minder vervolging, het die kerk vinniger gegroei. Dit het geblyk dat sommige van die amptenare verstaan het dat die Christene 'n positiewe invloed op die gemeenskap het. "Wanneer ons nou ons Christelike vieringe hou, nooi ons die amptenare van die Laosiaanse Patriotiese Front om by ons aan te sluit by die kerk."

Nie te Moeg nie

Die kerk wat Bounsaen vandag lei is amper 100 jaar oud. Dit is die grootste kerk, met meer as 500 lidmate, wat aan die etniese Khmu-groep bedien. Bounsaen preek nie meer elke week nie, maar hy doen af en toe die openingsgebed en

besoek gereeld die siekes en bid vir hulle. Hy versoek gebed vir sy eie gesondheid ook, hy kan nie meer rondbeweeg soos hy altyd gedoen het nie, hy is ook bekommerd oor sy familie.

"Ek is nou fisies moeg, maar my hart is nie moeg vir die Here se werk nie."

"Bid asseblief vir my familie om standvastig in die Here te wees," het hy gesê. "My skoonseun wil nie kerk toe gaan nie. Sy geloof raak kleiner en kleiner. Mag die Heilige Gees 'n vuur in sy hart aansteek om terug te draai en Hom te soek." Hy het sy familie verseker dat hy na sy dood hemel toe gaan en dat hulle, indien hulle die Here vertrou en liefhet, daar by hom sal aansluit.

Alhoewel sy liggaam met ouderdom saam verswak het, bly Bounsaen se gees sterk. Hy het vir 'n Frontlinie-Werker gesê dat hy nou na Bybelskool wil gaan. "My hart wil net die Here dien sedert ek 20 jaar oud was," het hy gesê. "Ek is nou fisies moeg, maar my hart is nie moeg vir die Here se werk nie."

SVM het Bounsaen laas jaar

▲ Die vryheid wat Bounsaen se kerk vandag geniet, is teen 'n groot prys gewen. Hy lei voortdurende gebed en besoek die siekes.

van 'n gehoorstoestel voorsien, wat hom help om na Christelike radioprogramme in die Khmu-taal te luister. Hy luister ook na preke op 'n MP3-speler. "Dit bemoedig my so baie," het hy gesê.

Bounsaen het 'n lang en vrugbare lewe geleef, hy verwag nou iets beter. "Ek sien regtig uit na die dag wanneer ek by die Here kan wees," het hy gesê. "Al my lydings in hierdie wêreld sal verby wees. ... Ek sien ook uit na die beloning wat Hy vir my het. Ek wonder watter tipe aftrede ek sal kry. Ek raak ongeduldig, om nou eerlik te wees. Hy het vir my 'n huis voorberei."

Bounsaen se boodskap vir sy broers en susters in Christus rondom die wêreld weerspieël sy liefde vir diegene aan wie hy vir meer as agt dekades so getrou bedien het. "Moenie die Christene in Laos vergeet nie." ●

BANGLADESJ: Christene Vasbeslote om te Aanbid, Ondanks Aanvalle deur Militante Boeddhiste

Nadat hulle vir meer as 'n dekade in 'n klein hut aanbiddingsbyeenkomste gehou het, het meer as 20 Christenfamilies van die Chakma-mensegroep besluit om 'n kerk te bou om hulle groeiende gemeente te akkommodeer. "Nou kan ander mense sien hoe ons aanbid en bid en hulle kan nou volg," het 'n Gelowige, Rashir, gesê. "Ons wil hê dit moet 'n simbool wees dat daar Christene in die dorp is."



Boeddhiste-invallers het die kerkgebou vernietig voordat dit voltooi kon word.

Terwyl sommige Christene in Bangladesj in ongeregisteerde kerke aanbid, ontmoet baie openlik. "Om 'n fisiese gebou te besit, gee aan jou 'n vorm van regmatigheid en permanensie in die gemeenskap," het 'n Frontlinie-Werker gesê. "Om 'n kerk te bou kan of vervolging verskerp deur 'n teiken op die Gelowiges te verf of ... die gemeenskap paai en die regte van die Gelowiges beslis om vir aanbidding byeen te kom."

Toe die Chakma Christene hulle nuwe kerk begin bou het, het 'n groep van meestal Boeddhiste-invallers, bekend as die Underground Army, vensters in die nuwe gebou gebreek en gedreig om Christenmense te martel of dood te maak. Die mans het in die oerwoud in gevlug en vir bykans sewe weke daar gebly.

Terwyl die mans in die oerwoud was, het die vroue en kinders in een huis geskuil. Die invallers het die vrouens uiteindelik gevind en hulle met kieries geslaan voordat hulle die Christene se huise leeg gedra het en hulle oeste en lewende hawe gesteel het. Die Underground Army het ook gedreig om die kinders te ontvoer wat nie skool kon bywoon sedert die aanval nie.

Baie van die Christenfamilies bly standvastig in hulle geloof, ondanks die vervolging. "Selfs al sou hulle ons gebou vernietig, sal ons steeds saam onder 'n boom aanbid," het Rashir gesê. "Wanneer vervolging kom, raak ons geloof sterker en sterker. Die Bybel sê vervolging sal kom; as vervolging nie kom nie, beteken dit die Bybel is nie waar nie."

SENTRAAL-AFRIKAANSE REPUBLIEK: Trauma-Opleiding vir Slagoffers van Rebelle-aanvalle

Toe Seleka-rebelle 'n kerk in Kaga-Bandoro in 2014 aangeval het, is baie Christene dood, insluitende die vrou, broer en twee kinders van 'n man, Ipolite Kimono. Ipolite, wat deur 'n venster ontsnap het, ervaar baie smart die afgelope paar jaar. "My hart is gebroke," het hy gesê. "Ek dink aanhoudend aan die gebeure. Die visioene kom terug in my gedagtes en ek beleef daardie aaklige oomblik."

Ipolite het in Julie 2021 'n SVM-ondersteunde trauma-opleiding bygewoon, wat hom gehelp het om te genees en hom die geleentheid gebied het om aan ander te bedien wat trauma ervaar. "Sedert die opleiding was ek was in staat om daardie boosdoeners totaal en al te vergewe," het hy gesê. "Ek help nou ander in die kerk wat getraumatiseer is."

Christene word sedert 2013 op opeenvolgende wyses van gewelddadige aanvalle in die streek geteiken. "Moslembuurte word opsetlik gespaar in die aanvalle," het 'n Frontlinie-Werker gesê. Baie Christene is in die aanvalle ontwortel en ly steeds onder emosionele wonde.

Rebellemagte is vroeg in 2021 uit die streek geskuif wat Frontlinie-Werkers die geleentheid gun om deur middel van trauma-werkswinkels, verspreiding van medikasie, opleidingsinisiatiewe en Bybelverspreiding in die behoeftes te voorsien van diegene wat deur die geweld geraak is. "Die behoeftes van vervolgte Christene in die gebied is groot," het die Frontlinie-Werker gesê.



Ipolite het gesê dat trauma-opleiding hom gehelp het om van rebelle-aanvalle te herstel en hy help nou ander om van soortgelyke trauma te herstel.



Waar is Hulle Nou?

FENNY VAN INDONESIA

Fenny Suryawati en haar dogter, Clarissa, het saam kerk bygewoon op 13 Mei, 2018, die dag toe selfmoordbomwerpers van die selfgeproklameerde Islamitiese Staat (ISIS) 15 mense by drie Indonesiese kerke, gedood het. Tien mense van Fenny se kerk is dood.

Fenny het naby die hoofingang gestaan toe 'n swart minibus by die kerk se hek ingebars het en twee parkeerwagte getref het. Vyf bomme binne die voertuig het ontplof en die petroltenks van motors en motorfiets in die parkeerarea het ontvlam en verskeie verdere ontploffings veroorsaak.

Fenny het brandwonde op 85 persent van haar liggaam opgedoen en Clarissa is ook beseer. 'n Medelidmaat het hulle na die hospitaal gehaas, maar Fenny se oorlewing was onseker.

Fenny het drie maande in die hospitaal deurgebring. Toe sy uiteindelik ontslaan is, moes sy maande se fisiese terapie ondergaan om die gebruik van haar hande te herwin.

Met die hulp van SVM, ontvang Fenny steeds mediese behandeling en rehabilitasie. Sy het verskeie operasies ondergaan en moet nog meer deurgaan. 'n Operasie om groot letsels rondom beide haar ore te verwyder moes uitgestel word weens die Covid-pandemie.

Terwyl Fenny se herstel 'n lang en uitdagende proses is, hoop sy dat God haar storie en pyn vir die bevordering van Sy koninkryk sal gebruik. Wanneer mense oor haar letsels uitva, vertel sy hulle ywerig van Christus.

Waar is Hulle Nou?

ROBERTO VAN MEXICO

Roberto Santo Gomez is 'n inheemse evangelis in die staat van Chiapas wat die Evangelie na afgeleë, onbereikte gemeenskappe neem waar daar min Christene is. Roberto, 'n voormalige rebel en nou 'n rondreisende prediker, loop vir dae, soms met min of geen voedsel of enige ondersteuning, om God se Woord te verkondig. "Hy gaan na gemeenskappe waar geen ander Christene wil gaan nie," het 'n Frontlinie-Werker gesê.

Roberto het tot geloof in Christus gekeer na 'n ongeluk waarin hy van 'n trein afgeval het en sy linkerarm verloor het. Terwyl hy op die grond in hewige pyn gelê het, het hy die woorde van 'n straatprediker onthou wat hy op 'n keer gehoor het en God vir hulp gevra. Toe God sy gebede beantwoord, het Roberto sy lewe gewy om Sy koninkryk te bevorder.

Roberto se bediening is gevaarlik en hy trotseer voortdurend vervolging weens sy werk op die voorste linies. Twee verskillende rebelgroepe het hom in Februarie 2020 gewaarsku om op te hou preek in die plaaslike marke. Toe, in April 2020, is hy deur kwaai dorpenaars in 'n ander dorp geslaan.

Hy word gedurig deur die mense in die dorpe wat hy besoek, gedreig," het die Frontlinie-Werker gesê. "Nietemin bly hy getrou aan die roeping wat God in sy lewe geplaas het."

Vir die afgelope paar jaar het SVM Roberto van Bybels en opleidingsmateriaal voorsien. SVM het hom ook met mediese sorg, vervoer en kommunikasiehelpmidade gehelp sodat hy die Evangelie op een van die moeilikste en gevaarlikste sendingvelde op aarde, kan voortsit.



Gebedsdagboek

Julie/Augustus 2022

JULIE

- S 17 OMAN** Bid dat sendelinge in Oman voortdurend God se liefde met moedigheid en ywer sal deel.
- M 18 VERENIGDE ARABIESE EMIRATE** Bid dat Emirate aan die Bybel en ander Christelike bronne blootgestel sal word.
- D 19 BAHRAIN** Bid vir die bemoediging van vroue wat, uit vrees dat hulle hul kinders en families sal verloor, in die geheim aanbid.
- W 20 MAURITANIË** Bid dat Christene wat in die geheim aanbid kameraadskap met ander Gelowiges sal vind.
- D 21 LAOS** Bid vir die verspreiding van die Evangelie onder Boeddhiste.
- V 22 JEMEN** Bid vir ontwortelde Gelowiges wat die land as vlugteling verlaat.
- S 23 COMORE** Bid vir wysheid oor hoe om Comorane met die Evangelie te bereik.
- S 24 KIRGISIË** Bid dat kerke aan trekarbeiders sal bedien wat terugkeer nadat hulle hul werke elders verloor het.
- M 25 KATAR** Bid vir sendelinge-families wat uit die land gedeporteer word weens hulle moedige getuienis.
- D 26 KAZAKSTAN** Bid vir die bemoediging van Gelowiges wat voortdurende druk van hulle vyandige regering en gemeenskappe, trotseer.
- W 27 ETIOPIË** Bid vir vrede en stabiliteit in die Tigray-streek en tussen verskillende etniese groepe.
- D 28 COLOMBIË** Bid vir kerke in die "rooi sones" namate Marxistiese guerrillas kerke sluit.
- V 29 ALGERIË** Bid vir die menigte wat die Evangelie deur sosiale media-evangelisasie hoor.
- S 30 CHINA** Bid dat jong Gelowiges standvastig sal bly onder enige omstandighede en met God sal wandel.
- S 31 INDIË** Bid dat God die harte van regeringsamptenare, wat evangeliese werk probeer stuit, sal aanraak.

AUGUSTUS

- M 1 JORDANIË** Bid vir 'n jong moeder wat weens haar Christelike geloof vir verskeie weke deur familie gyselaar aangehou is.
- D 2 AFGANISTAN** Bid dat ons broers en susters deur teenkating en vervolging sal volhard.
- W 3 OESBEKISTAN** Bid vir meer kameraadskap en samewerking onder kerke.
- D 4 LIBANON** Bid vir Christene wie se huise in die ontploffing op Beirut-Hawe, op 4 Augustus 2020, vernietig is.
- V 5 SENTRAAL-AFRIKAANSE REPUBLIEK** Bid vir getraumatiseerde Gelowiges wat geliefdes verloor het en onuitspreeklike dade van geweld moes aanskou.
- S 6 IRAK** Bid vir Broer Ahmed, 'n voormalige Moslem wat in Oktober, 2020, in Bagdad, weggeraak het.
- S 7 NEPAL** Bid dat wetsontwerpe wat kerke beperk, nie goedgekeur sal word nie.
- M 8 ALGERIË** Bid vir Christene wie se kerke deur die regering gesluit is.
- D 9 SRI LANKA** Bid vir diegene wat in Boeddhiste-beheerde gebiede bedien.
- W 10 TUNISIË** Bid vir Christene wat as gevolg van afstand van ander Christene afgesonder is.
- D 11 CHINA** Bid dat God beskerming en genade sal voorsien aan diegene in moeilike omstandighede.
- V 12 ERITREA** Bid vir die fisiese, emosionele en geestelike behoeftes van onlangs vrygelate gevangenes.
- S 13 KENIA** Bid vir 'n Somaliese Christenfamilie wat na hulle gemeenskap teruggekeer het om die Evangelie te verkondig.

Teken in op ons GRATIS maandelikse Nuusbrief: Besoek www.persecutionsa.org

VIR DONASIES OF BYDRAES - Christelike Sending Internasionaal Bankbesonderhede:

Nedbank

Rek nr.: 1925-024946 (Tjek)

Takkode: 192505 (Bedfordview)

Standard Bank

Rek nr.: 02-249-5592 (Tjek)

Takkode: 018305 (Bedford Gardens)

ABSA Bank

Rek nr.: 909-861-7711 (Spaar)

Takkode: 632005 (Bedford Centre)

CSI | Posbus 7157, Primrose Hill, 1417 Suid-Afrika | Kantoor Tel: 010 777 0114 (8vm-1nm) | Kantoor Sel: 076-022-3336 (8vm-5nm)
E-pos: cmi@vomsa.org of bianca@vomsa.org | Webtuiste: www.persecutionsa.org | Facebook@cmivomsa | Instagram@cmi - vomsa

Direkteure: Mnr A.B. Illman (Uitvoerend); Pastor R. Marsh; Mnr R. Keir;
Pastor J. Tucker; Mnr D. Kirton; Mnr C. Hutchinson

© Toestemming vir die herdruk van enige gedeelte van hierdie nuusbrief moet van Christelike Sending Internasionaal aangevra word.

www.persecutionsa.org/donate